Mondstuk van die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf • Mouthpiece of the South African potato industry

# CHIPS

VOL 36 NO 1 • JANUARY / FEBRUARY 2022



## OOS-VRYSTAATSE STANDPROEF ONDER AANVULLENDE BESPROEIING IN REITZ

## THE POTATO LEAF MINER: ORIGIN OF THE FIRST FLY INFESTATIONS OF THE SEASON

Tegnologiese ontwikkeling: Gebruik van QR-kodes | Effect of fungicide application on potato cultivars at Cedara | Engagement with New Era farmers in Limpopo

# CVO Vivo Boerebemarkingsdag nóg groter!

Deur Chantel du Raan en Janó Bezuidenhout, Aartappels SA

Limpopo se grootste boeredag het vanjaar vanaf 8 tot 9 Oktober by Die Drukgang in Vivo plaasgevind en was ten bate van die CVO Vivo-skool. Dit is die eerste keer wat dié boeredag oor twee dae gehou is en dit was 'n reusesukses.

Dit is nie net 'n unieke netwerkgeleentheid nie, maar ook 'n dag wat gesinne saam kan geniet. Die twee-dag geleentheid het met talle uitstallings, landboudemonstrasies, veeveilings, vermaaklikheid en optredes deur gaskunstenaars gespog. Aartappels Suid-Afrika (ASA) was trots om deel van hierdie propvol program te kon wees.

### Kenners spreek produsente toe

Willie Jacobs, uitvoerende hoof van ASA, het die spreekbeurte geopen met 'n kort oorsig oor waarmee ASA in die bedryf besig is, en vertel hoe tegnologie deel van ASA se daaglikse aktiwiteite gaan word.

Francois Knowles, registrateur van die Raad van Landbouprodukte-agente (APAC) het oor die organisasie se mandaat gesels en gesê dat hulle verantwoordelik is vir die regulering van varsprodukte-, uitvoer- en lewendehawe-agente. Knowles het produsente ook ingelig oor verskeie gevaartekens waarna hulle moet oplet wanneer hulle van dié agente gebruik maak.

> Baie dankie aan die organiseerders van die CVO Vivo Boerebemarkingsdag en welgedaan met twee puik dae. ASA sien uit na volgende jaar se byeenkoms!

Tydens die byeenkoms is besluit dat APAC werkswinkels vir produsente en hul personeel sal aanbied. Daarna het Janó Bezuidenhout, inligtingspesialis by ASA, 'n oorsig van historiese en huidige markdata aangebied.

Deon van Zyl, uitvoerende hoof van die varsprodukte-agentemaatskappy, Grow, het produsente oor die belangrikheid van varsprodukte te midde van Covid-19 en die impak van die plundery wat vroeër vanjaar in KwaZulu-Natal en Gauteng plaasgevind het, ingelig. Hy het produsente versoek om die varsproduktemarkte te bewaar, sodat die markte nie 'n stille dood sterf nie.



*Francois Knowles, registrateur van die Raad van Landbouprodukte-agente, het oor die belangrikheid van varsprodukte te midde van Covid-19 en die impak van die plundery wat vroeër vanjaar in KwaZulu-Natal en Gauteng plaasgevind het, gepraat.*

### Dendron-kultivarproef uitgestal

ASA het op 11 Mei 2021 'n statistiese kultivarproef by Zandput Boerdery in Dendron geplant. Die proef het uit 13 kultivars bestaan en is op 30 September 2021 geoes. Die resultate is voorgehou en voorbeelde van knolle en skyfies van elke kultivar, is tydens die dag uitgestal. Die gemiddelde opbrengs was 70.4 t/ha, waarvan die kultivar met die hoogste opbrengs 86.2 t/ha behaal het. Die resultate sal in 2022 in *CHIPS* gepubliseer word.

Vir enige navrae, kontak Chantel du Raan by chantelr@potatoes.co.za.



*Talle uitstallings, landboudemonstrasies, veeveilings, vermaaklikheid en optredes deur gaskunstenaars het die dag gekenmerk.*



*ASA het op 11 Mei 2021 'n statistiese kultivarproef by Zandput Boerdery in Dendron geplant. Die proef het uit 13 kultivars bestaan en is op 30 September 2021 geoes.*